http://spilplus.journals.ac.za/



# DIE BEREDENEERDE BETOOG IN DIE AFSTANDONDERRIG VAN VERTALERS

Alet Kruger, Departement Linguistiek (Vertaalkunde)
Universiteit van Suid-Afrika

**OPSOMMING**

Aan die akademies en linguisties afgerigte vertaler kan die onvoorwaardelike eis gestel word dat hy in staat moet wees om eksplisiet, objektief en kontroleerbaar te verduidelik waarom een vertaling aanneemlik is terwyl 'n ander vertaling minder of glad nie aanneemlik is nie. Unisa se onderrigstrategie is daarop gemik om die student aanvanklik toe te rus met 'n evalueringstrategie waaruit 'n vertaalstrategie dan natuurlik en logies ontwikkel.

Die opdrag hier is om te demonstreer òf watter insigte die taalwetenskap aan die vertaalkunde bied òf watter insigte die vertaalkunde van die taalwetenskap verlang.

Newmark (1981:18) sê: "Translation shares with the arts and other crafts the feature that its standards of excellence can be determined only through the informed discussion of experts or exceptionally intelligent laymen; ... After mistakes have been 'proved' by reference to encyclopaedias and dictionaries, experts have to rely on their intuition and taste in preferring one of two or three good translations of a sentence or paragraph. Their final choice at this level is as subjective as the translator's choice of words, *but they must be ready to give reasons for their choice* (my beklemtoning - A.K.).

Universiteitsopleiding is nie 'n noodsaaklike voorvereiste vir iemand wat as vertaler wil praktiseer nie. 'n Intuïtiewe aanvoeling vir die regte woordspeling en betekenisnuanse is meesal 'n betroubare rigsnoer. Dit is tewens die grondslag waarop iemand aanneemlike moedertaalvorme verwerf sonder dat hy in staat is om te verklaar waarom hulle aanneemlik is.

http://spilplus.journals.ac.za/


Geen universiteit kan 'n volledig afgerigte vertaler 'bemark' nie. Om vir al die veranderlikes voorsiening te maak in 'n opleidingsprogram wat moet voldoen aan die akademiese of wetenskaplike eise vir objektiwiteit, eksplisiteit en kontroleerbaarheid is prakties onmoontlik. Maar, aan die akademies en linguisties afgerigte vertaler kan die onvoorwaardelike eis gestel word dat hy in staat moet wees om eksplisiet, objektief en kontroleerbaar te verduidelik waarom een vorm aanneemlik is terwyl 'n ander vorm minder of glad nie aanneemlik is nie (Van Schalkwyk 1981; 1985:iv). Met ander woorde, om terug te keer na Newmark se aanhaling hierbo, nie alleen die ekspert nie, maar ook die vertaler "must be ready to give reasons for [his] choice" (Newmark 1981:18).

Indien dit die geval is, moet daar gekyk word na watter insigte die taalwetenskap aan die vertaalkunde bied ten einde hierdie eis na te kom. Ons kan ons met Pattanayak (1969:71) vereenselwig as hy sê "translation as an art and as a science goes beyond the narrow domains of linguistics. It may be considered a part of applied linguistics, where knowledge of the language structure is an essential equipment". "Applied linguistics" of dan toegepaste linguistiek, word beskryf as "a conscious attempt at applying the fundamental principles of linguistics to various grades of problems arising from the complexities of language as a means of communication and the skills which go into the conscious, yet automatic, control of the use of language" (Katre in Pattanayak 1969:v). So gestel is vertaalkunde 'n terrein waarop die linguistiek, die sosiolinguistiek, die tekslinguistiek, die stilistiek, die pragmatiek en die kommunikasiekunde toepassing vind.

Die opleidingsprogramme vir vertalers wat oorsese universiteite en institute aanbied, behels voltydse studie en is op die sogenaamde Y-model gebaseer.[1] Volgens hierdie model word die eerste twee studiejare aan taalverwerwing en -verdieping gewy. In die daaropvolgende twee jaar verskuif die klem en tree die

http://spilplus.journals.ac.za/


toepassing van taalkennis, insig in die feitelike inhoud van tekste, teksanalise, vertaalteorie, beheersing van vertaaltegniek en die doelmatige gebruik van hulpmiddels op die voorgrond.[2] Voorsiening word gemaak vir opleiding in 'n wye verskeidenheid vakgebiede, maar spesialisopleiding word ook verskaf vir vertalers wat tegnies-wetenskaplike, mediese, ekonomiese, regstekste, ens. wil vertaal.[3]

Die onderrigstrategie vir vertalers wat hier aandag geniet is Unisa-spesifiek want afstandonderrig is ter sprake. Om hierdie rede kan Unisa nie tolke oplei nie. Vertaalkursusse aan Unisa word slegs op nagraadse vlak aangebied. Ons aanvaar dat studente die bron- en doeltaal op ongeveer moedertaalvlak beheers en onderneem nie taalonderrig op 'n enigsins eksplisiete vlak nie. Met ander woorde, ons neem aan dat studente reeds voldoen het aan die Y-model se eerste twee studiejare. Wat wel gedoen word, is om studente te konfronteer met taalkundige probleme. Uit hulle hantering van hierdie probleme word leemtes in hul talige toereikendheid van die twee tale blootgelê. Dit is dus moontlik dat hulle hul linguistiese adekwaatheid aan die hand van die dosent se kommentaar self kan monitor en, indien nodig, stappe kan doen om hul grammatiese kennis op peil te bring. Origens klop ons benadering resloos met die Y-model in dié sin dat daar klem geplaas word op die toepassing van taalkennis, tekstipologie, teksanalise en redigering, vertaalteorie en -tegniek, leksikologie, leksikografie en hulpmiddels.

Paradoksaal soos dit mag klink, onderneem ons nie om studente te leer vertaal nie - altans nie met behulp van pasklaar tegnieke en kunsgrepe nie. Inteendeel, Unisa se onderrigstrategie is daarop gemik om die student aanvanklik toe te rus met 'n evalueringstrategie waaruit 'n vertaalstrategie dan natuurlik en logies ontwikkel.

Die student kry 'n teks om te vertaal. Die teks word ontleed aan die hand van linguistiese, sosiolinguistiese, stilistiese,

http://spilplus.journals.ac.za/


kommunikatiewe, kulturele en nie-vaktegniese parameters ten einde die funksie van die teks te bepaal en 'n teksprofiel saam te stel, à la House (1981). Die vertaling streef om semanties en pragmaties ekwivalent aan die bronteks te wees. Hierna vergelyk die student sy vertaling met 'n sogenaamde 'modelvertaling' wat verskaf word en tabuleer verskille. Die student moet nou aan die hand van die parameters wat vir die analise van die bronteks gebruik is, telkens in 'n beredeneerde betoog verduidelik waarom die een vorm bo die ander verkies word. Dit bring mee dat die student in werklikheid besig is om moontlike vertaalopsies teen mekaar op te weeg en te evalueer sodat 'n ingeligte keuse gemaak kan word. Hierdie strategie dwing die student as 't ware om meer linguisties eksplisiet standpunt in te neem as wat ooit die geval by 'n geannoteerde vertaling kan wees.[4]

Die student word toegelaat (en aangemoedig) om op sy linguistiese intuïsies te vertrou, maar in die beredeneerde betoog word vereis dat bronne soos woordeboeke, taalhandleidings en grammatikaboeke gebruik word ten einde die evaluering aan die hand van objektief-beredeneerde linguistiese en sosiolinguistiese gronde aan te bied. Al die student se linguistiese, sosiolinguistiese, vertaalteoretiese en vakkennis is derhalwe onontbeerlik vir hierdie evalueringstrategie (kyk bylae 1).

Deur sy eie (en ander) vertalings voortdurend te evalueer, leer die student om algaande en byna onbewustelik hierdie evalueringstrategie te omskep in 'n vertaalstrategie sodat hy later byna intuïtief wel die 'regte' vorme kies wanneer hy vertaal. House (1981:62) sê "[t]his approach of relying on native speaker intuition in combination with a corpus of texts and the objective grid of situational dimensions seems to us the only feasible method of putting our model of translation quality assessment into practice ... *because all the intuitive judgements presented in our investigation are argued, i.e. the analyst's judgments are taken as hypotheses which are being objectively validated by the reasons given for them*" (my beklemtoning - A.K.).

http://spilplus.journals.ac.za/


Alhoewel die onderliggende strewe met die beredeneerde betoog die uitskakeling van subjektiewe oorwegings soos 'Ek dink dit is die regte vertaling ...' of 'Hierdie vertaling klink beter as daardie een ...' ens. van beide beginner en geskoolde vaklui ten doel het, bly vertaling steeds 'n komplekse hermeneutiese proses (House 1981:64).[5] Gutt (1990; 1991) meen die oplossing lê daarin om vertaling binne Sperber & Wilson (1986) se relevansieteorie te plaas. Volgens hierdie teorie is kommunikasie basies 'n afleibare ("inferential") proses; in die kommunikasiesituasie produseer die sender 'n stimulus, waaruit die ontvanger aflei watter idees of aannames die sender wil oordra. Die relevansiebeginsel lui dat elke ostensiewe kommunikasiehandeling sy eie optimale relevansie veronderstel (Sperber & Wilson 1986:158). Wanneer 'n persoon dus met iemand anders kommunikeer, kan beide sender en ontvanger aanneem dat wat die sender wil oordra wel relevant sal wees en dat die ontvanger dit met die minste moeite sal kan interpreteer (Gutt 1990:140).

Gutt (1991:100) sê vertaling, wat in 'n sekondêre kommunikasiesituasie plaasvind, is interpretatiewe taalgebruik. Met ander woorde, 'n vertaling is 'n doelteks wat die bronteks interpretatief weerspieël omrede eksplisiete en implisiete betekenis (wat oorgedra word as eksplikature en implikature) tussen bron- en doelteks ooreenkom (Gutt 1990:144, 147). Taalverskille maak egter algehele of totale interpretatiewe weerspieëling onmoontlik (Gutt 1990:159). In gevalle waar die vertaler moet kies watter eksplikature en implikature hy wil oordra gaan hy, in ooreenstemming met die relevansiebeginsel, voorkeur gee aan 'n weergawe wat optimale relevansie tot gevolg sal hê (Gutt 1990:160). Ook in hierdie geval moet die vertaler in staat wees om sy keuse telkens aan die hand van 'n linguisties beredeneerde betoog te kan verdedig. Dit kan hy egter nie doen as hy nie 'n grondige kennis van die taalwetenskap en kwessies soos Grice se gespreksvoorwaardes het nie.

Deur van die House-model (House 1981) gebruik te maak, werk ons

vertaalstudente reeds binne 'n breë kommunikasieteoretiese raamwerk. Die student word geleer om 'n behoorlike ontleding van die bronteks te maak, want "a thorough understanding of the original text *is a necessary pre-condition for making a good* translation" (Gutt 1991:164). Aan die hand van die vergelyking tussen sy vertaling en die sogenaamde 'modelvertaling', word 'n empiriese basis geskep vir 'n gevolgtrekking of hipotese oor watter vertaalstrategie gevolg is. So 'n hipotese of vertaalteorie klop dus ook met Wolfram Wilss en Ernst-August Gutt se siening omrede dit teksspesifiek, dit wil sê "text-type-related" of "single-text-oriented" (Wilss in Gutt 1991:12), en teikenspesifiek is. Gutt (1990:138) sê "each text, or even each instance of its use with a particular audience, may require its own theory". Dit is derhalwe moontlik dat die linguisties opgeleide vertaler 'n spesifieke hipotese sal kan stel elke keer wanneer hy 'n teks vertaal en dat 'n algemene vertaalteorie hieruit geformuleer kan word.

Nou behoort dit duidelik te wees waarom daar van die akademies en linguisties opgeleide vertaler geeis kan word dat hy in staat moet wees om 'n beredeneerde betoog oor verskillende vertaalopsies te kan voer. Dit is noodsaaklik dat sy werkswyse en metodes objektief en kontroleerbaar moet wees, sodat 'n vertaalteoretikus dalk eendag 'n algemene vertaalteorie uit die veelheid van a-teoretiese vertalings kan formuleer.

Wilss (1985:234) sê: "It is an important job of translation teaching to seek an exchange of information with neighbouring disciplines such as discourse analysis, psycholinguistics, sociolinguistics and communication sciences. There is a need for empirically based methodological standards which help the translator *to become his own critic and supervisor*" [my beklemtoning - A.K.]. Dít is juis wat Unisa se onderrigstrategie ten doel het. Dít is wat die vertaler as taalpraktisyn van die taalwetenskap verlang.

http://spilplus.journals.ac.za/



**VOETNOTE**

1. Hierdie bevinding blyk uit 'n verslag van Prof. Chris van Schalkwyk in Maart 1984 oor opleidingsmetodes aan oorsese universiteite en is opnuut gestaaf na my besoek in Junie 1991 aan universiteite en inrigtings in Duitsland, België, Holland en Engeland.

2. Kyk brosjures van die sogenaamde "hogeschole" en institute vir vertalers en tolke van Maastricht, Brussels, Gent, Antwerpen, die Universiteit Hildesheim, die Johannes-Gutenberg-Universität Mainz in Germersheim, die School of Modern Languages and European History van die University of East Anglia, die universiteite van Surrey, Bath en Warwick. Kyk ook Griffiths (1987) en O'Connell & Pearson (1987).

3. Die Rijkshogeschool in Maastricht, wat gerig is op tegnieswetenskaplike vertaling, onderneem byvoorbeeld uitdruklik om vertalers en tolke op te lei vir die handel en nywerheid, sentrale, provinsiale en plaaslike owerheid, akademiese instellings, internasionale organisasies en die media.

4. Hoewel Smith (1991:129), ter verdediging van geannoteerde vertaling meen "it serves ... to make students highly conscious of what they are about. Once students are allowed the liberty to present explanations of what they are doing, they will feel free to explore a wider range of possibilities. They will realize for themselves ... that there may be a wide range of equally valid ways of translating a given text, though that does not, of course, by any means imply that they can all be combined in a single target language version."

5. House (1981:62) sê "the decision about the appropriateness of linguistic elements in a TT [target text - A.K.] must necessarily contain a subjective and hermeneutic element. Further, we may consider the equivalence relationships between two languages as non-absolute ones falling on a scale or cline of more or less equivalent with a range of equivalents in both directions running from more to less probable ... The degree of this probability can only be judged by native speaker intuition."

http://spilplus.journals.ac.za/



BIBLIOGRAFIE

Griffiths, B. 1987. "Training translators and interpreters" in *ITI Conference 1. The business of translation and interpreting* ed. by Picken, C. London: Aslib. 1987.31-56.

Gutt, E-A. 1990. "A theoretical account of translation - without a translation theory." *Target* 2(2):135-164.

Gutt, E-A. 1991. *Translation and relevance. Cognition and context*. Oxford: Basil Blackwell.

House, J. 1981. *A model for translation quality assessment*. Tübingen: Gunther Narr Verlag.

Newmark, P. 1981. *Approaches to translation*. London: Pergamon.

O'Connell, E. & Pearson, J. 1987. "A forward-looking translator training programme - the NIHE model" in *ITI Conference 1. The business of translation and interpreting* ed. by Picken, C. London: Aslib. 1987.57-62.

Pattanayak, D.P. 1969. *Aspects of applied linguistics*. London: Asia Publishing House.

Smith, C. 1991. "Annotated translation." *UEA Papers in Linguistics. The teaching of translation*. Special issue 31-32:129-137.

Sperber, D. & Wilson, D. 1986. *Relevance. Communication and cognition*. Oxford: Basil Blackwell.

Van Schalkwyk, C. 1981. "Opleiding van vertalers - 'n strategie vir afstandsonderrig." *Die Taalpraktisyn/The Language Practitioner* 2:3-8.

Van Schalkwyk, C. 1984. "Opleiding van vertalers." Verslag oor studiebesoek aan institute en universiteite in Switserland, België, Duitsland en Engeland. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Ongepubliseerde dokument)

Van Schalkwyk, C. 1985. *Prolegomena tot die teorie en praktyk van vertaling*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Ongepubliseerde manuskrip)

Wilss, W. 1985. "Rhetorical and stylistic issues in translation pedagogy." *Meta* 30(3):224-235.

http://spilplus.journals.ac.za/



**BYLAE 1**

**VOORBEELD VAN 'N BEREDENEERDE BETOOG**

Bronteks: *R1 000 is needed for the project*

Vertaling 1: *R1 000 is nodig vir die projek*
Vertaling 2: *R1 000 word benodig vir die projek*

Die student/vertaler het *is needed* in die bronteks vertaal met *is nodig* (Vertaling 1), maar in die sogenaamde 'modelvertaling' (Vertaling 2) word *word benodig* gebruik. Watter een van hierdie twee vorme is 'reg' of meer aanvaarbaar as die ander? Is daar wel 'n verskil tussen die twee vorme in Afrikaans?

Volgens die *Longman* (1978) beteken *need* as werkwoord "to have a need for; want for some useful purpose; lack".

Bosman (1984) vertaal *need v.* met "nodig hê, behoefte hê aan, behoef, behoort, makeer, gebrek ly" en verwys glad nie na *benodig* as werkwoord nie.

Die *HAT* (Odendal et al. 1983) gee *benodig* slegs as byvoeglike naamwoord aan, met die volgende opmerking: "*Benodig* moet nie as werkwoord gebruik word nie" [kursief soos in oorspronklike - A.K.]. *Benodig* as werkwoord word dus afgekeur sonder opgaaf van redes. Ook die *WAT* (1970) gee *benodig* slegs as byvoeglike naamwoord aan. Albei die Nederlandse woordeboeke wat geraadpleeg is, gee *benodig* net as byvoeglike naamwoord aan. Van der Merwe (1977) verklaar dat *benodig* as werkwoord vreemd aandoen - ook sonder opgaaf van redes, terwyl Terblanche (1972:30) sê hy "kan nie *benodig* as werkwoord in enige woordeboek kry nie". Daar is dus rede om te vermoed dat die gebruik van *benodig* as werkwoord soms verdag is. Hoekom en op watter gronde kan *ons* dit bewys?

Kempen (s.a.:400) doen die volgende verklaring aan die hand. Hy sê in "*-ig*-afleidinge wat *wwe.* is, gee die *-ig* (dikwels met *be-* as preformans daarby) te kenne 'dit aandoen, verskaf, bring of veroorsaak' wat deur die simpleks genoem word, bv. *beledig, beskadig, bevogtig, bevredig* ..." [kursief soos in oorspronklike - A.K.].

As iets dus *beskadig* word, gee die be- + simpleks (skade) + -ig te kenne 'iets skade aandoen of veroorsaak'.

As ons nou hierdie reël aanvaar en dit op *benodig* toepas, werk die reël nie, want as ek R1 000 *benodig* vir die projek doen die be- + -ig ten opsigte van die simpleks *nood* nie een van die dinge wat hierbo genoem is nie, m.a.w. dit doen niemand of niks nood aan nie, verskaf nie nood nie, veroorsaak nie nood nie of bring nie nood nie.

http://spilplus.journals.ac.za/



In die lig hiervan is Vertaling 1 aan te beveel. Maar, die vraag kan nou gestel word: wat gebeur met die lydende vorm van

*Jan het R1 000 nodig*

as ons nie mag sê

*R1 000 word deur Jan benodig*

nie?

'n Mens kan jou uit die probleem probeer wurm deur aan te voer dat dit 'n idiosinkratiese kenmerk van sekere werkwoorde is dat hulle nie in 'n lydende vorm gebruik kan word nie, byvoorbeeld

*Ek het R1 000*

kan nie geskryf word as

*R1 000 deur my gehê*

nie. Of dit waar is van *nodig* moet bevraagteken word, want as ons na Kempen (s.a.:347) kyk, merk ons dat hy self, ten spyte van sy formulering op p. 400, *benodig* (wat afgelei sou wees van "be- + b.nw. op -ig") gebruik as voorbeeld van werkwoorde wat juis so afgelei is.

Van Loey (1959:208) sê die -ig in Wesgermaans, Nederlands en Hoogduits (en die -y in Engels) het die betekenis "hebbende wat in 't grondwoord is uitgedrukt". *Nodig* sou dus beteken 'nood hê'. Die suffiks het oorspronklik agter selfstandige naamwoorde gestaan om byvoeglike naamwoorde te vorm. Van Loey (1959:209) vermeld uitdruklik dat "[v]an de adjektiva op *-ig* werden werkwoorden gevormd ... vooral de vele met het praefix *be-* (*bemoedig-en*, ...)".

Die taalsisteem is nooit waterdig nie en taalreëls nie uitsonderingloos nie. Terblanche (1972:30) se volgende opmerking is relevant:

> Ek begin egter al hoe meer twyfel of dit taalkundig wys is om *benodig* as werkwoord uit ons taal te weer, terwyl dit wel op uitgebreide skaal voorkom en terwyl dit nodig is en beslis 'n leemte in ons taal vul.

Die leemtes in die taal waarvan Terblanche (1972) gewaag, is 'n algemene kenmerk van taalsisteme of sisteme binne 'n taal en daar is altyd gapings in die patroon. Dit gebeur ook dat sisteme soms deurmekaar loop om 'n verskeidenheid redes. Hoewel *benodig* nie in die Afrikaanse of Nederlandse woordeboeke wat geraadpleeg is, as werkwoord aangegee word nie, het dit blykbaar in Middelnederlands bestaan. Dit is dus vermoedelik aanwesig in die 'onderbou' of 'oervorm' van Afrikaans en is derhalwe nie 'n element wat, soos Van der Merwe (1977:42) aanvoer, "vreemd" aandoen nie.

In hierdie verband sê Combrink & Spies (1986:20) in *SARA*:

> Die werkwoord *benodig* bestaan reeds in 17de-eeuse Nederlands in die betekenis 'nodig hê'. Die erkende adjektief *benodigde* en die erkende naamwoord *benodigdhede* is uiteraard gebaseer op dié werkwoord.

http://spilplus.journals.ac.za/



> Daar is niks Anglisisties aan die werkwoord nie; dis erfgoed, gemaak volgens 'n óú Afrikaanse woordvormingspatroon.
>
> Tog sê ons in die omgang liewer ek *het iets nodig, kry iets nodig*.

Alles in aanmerking geneem, kan ons dus gerus maar burgerreg toeken aan *benodig* as werkwoord. Albei vertalings hierbo is derhalwe aanvaarbaar in Afrikaans.

**BRONNELYS**


Bosman, D.B.; Van der Merwe, I.W. & L.W. Hiemstra. 1984. (8e uitg.) *Tweetalige Woordeboek/Bilingual Dictionary*. Kaapstad: Tafelberg.

Combrink, J. & Spies, J. 1986. *SARA. Sakboek van Regte Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.

Kempen, W. s.a. *Woordvorming en Funksiewisseling in Afrikaans*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Kruyskamp, C. 1961. *Van Dale Groot woordeboek der Nederlandse taal*. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

*Longman Dictionary of Contemporary English*. 1978. London: Longman.

Odendal, F.F.; Schoonees, P.C.; Swanepoel, C.J. et al. 1983. *HAT. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Klerksdorp: Voortrekkerpers.

Terblanche, H.J. 1972. *Regte Afrikaans*. Johannesburg: Willem Gouws.

*Van Dale Nieuw Handwoordenboek der Nederlanse Taal*. 1973. (7e uitg.) 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1977. *Die Korrekte Woord*. Pretoria: Van Schaik.

Van Loey, A. 1959. *Schönfeld's historische grammatica van het Nederlands*. Zutphen: Thieme.

*WAT. Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. 1970. Deel 1. Pretoria: Staatsdrukker.